Hoërskool Tuine

Tel: (012) 3796181 / (012) 3790410
e - pos: admin@hstuine.co.za
www.hstuine.co.za

Posbus 48066
Hercules 0030
Pretoria
255 Bornmanstraat
Pretoria Tuine 0082

25 Januarie 2022

OMSENDSKRYWE NO 3 VAN 2022

Geagte Ouers en voogde

Ons kan met dankbaarheid aandui dat die kwartaal reeds volstoom aan die gang is en dat dit besonder goed gaan by die skool. Baie dankie aan elke ouer, leerder en personeel vir ‘n suksesvolle Interhuis atletiekbyeenkoms. Dit was ongelooflik lekker om al die leerders se gees weer te beleef en almal so uitbundig te sien deelneem.

Ons dink in besonder aan mnr. Pieter Voges wat onlangs gegaan het vir ’n operasie. Ons wens hom spoedige beterskap toe.

Ons verwelkom ook in ons midde Mnr. C. Vermaak (EBW en WG), Mnr. W v d Westhuizen (LO & WG), Mev. I. Labuschagne (GV & Toerisme), Me. J de Beer (Eng), Me. A. Klopper asook Mnr. R du Preez (Dissipline kantoor). Ons hoop dat julle pad by Hoërskool Tuine ’n pad vol vreugde, vrede en selfvervulling sal wees.

MATRIEKUITSLAE 2021
Baie geluk aan die Matriekklas van 2021 met jul goeie uitslae! Die slaagsyfer was 92%. Baie dankie aan elke leerder en onderwyser wat hard gewerk het. Daar is ‘n totaal van 129 leerders (64%) wat universiteitsvrystelling behaal het. Ons is werklik baie trots op julle!

KURRIKULUM:
Akademie gaan ‘n absolute top prioriteit wees in 20221. Dit noodsaak die skool dus om sekere veranderinge aan te bring. Ouers moet asb. kennis neem dat die skoolure daagliks verleng gaan word tot 14:15. Ouers moet seker maak dat leerders effektief werk. Leerders het reeds die kwartaal se assesseringsplan ontvang om effektiewe voorbereiding te verseker, asook ’n assesseringsprogram per vak wat voor in hul skrifte geplak moet word. Ons vra dat u dit gereeld kontroleer.

LW: Toetstye:
Toetse sal op **Dinsdae en Donderdae** geskryf word. Die skryf van die toetse is **VERPLIGTEND. Geen uitsondering** sal gemaak word nie. Leerders is ook verplig om SBA-opdragte in die klasse te voltooi onder gekontroleerde toesig. Indien ’n leerder afwesig is, moet ’n ouerbrief/ mediese brief aan die skool gestuur word wat aandui dat die leerder nie skool kan bywoon nie.
LW. Afwesigheidstoetse sal slegs op Maandae, direk na skool in die saal geskryf word. Indien ’n leerder nie opdaag vir die toets nie, sal hy/sy 0 kry, wat implikasies tot gevolg kan hê aan die einde van die jaar.
Die Gr. 12-leerders sal ook binnekort met verpligte ekstra klas begin (die rooster volg binnekort).

AFWESIGHEDE EN LAATKOMMERY
Daar sal vanjaar baie streng hieroor opgetree word aangesien dit die grootste rede vir swak prestasie is. Leerders wat 5 keer sonder ’n geldige rede laatkom of vroeg uitteken, sal met 1 dag se afwesigheid gepenaliseer word. Leerders wat meer as 10 dae sonder ’n geldige doktersertifikaat of rede afwesig is, staan die gevaar om gederegistreer te word, ongeag of dit aaneenlopend was of nie. **Leerders wat laatkom sal slegs die hoofhek kan gebruik en sal daar aangeteken word.** Leerders sal ook met negatiewe punte gestraf word vir afwesighede en laatkommery sonder rede. **LW. Leerders wat laat is vir voog, sal afwesig gemerk word.**

Indien ’n leerder afwesig is, moet u ’n brief na ontvangs@hstuine.co.za stuur wat aandui dat u kind nie by die skool is nie, of ’n toepaslike mediese sertifikaat moet na bogenoemde adres gestuur word.
Indien daar nie ’n brief aan die skool voorsien word nie, sal die leerder -20 kry op sy/haar demeriete.

DOKUMENTASIE:
U het reeds in die afgelope week verskeie dokumentasie ontvang wat onderteken moet word en dringend teruggestuur moet word skooltoe.
Ouers moet asb. die handboeklyste teken en terugstuur.

VLR-NOMINASIES:
VLR-verkiesing vir 2022 sal op Woensdag, 26 Januarie plaasvind en die aankondiging sal op Vrydag, 28 Januarie geskied. Baie sterkte aan elke leerder.

REëLINGS:
Terreinverlating
Ouers word vriendelik, dog dringend versoek om alle afsprake in die middae na skool te reël. Kosbare onderrigtyd gaan verlore vir u kind. ’n Leerder mag slegs die terrein verlaat indien die ouer **SELF** die leerder by die algemene kantoor kom afhaal. Leerders sal slegs aan die **EINDE** van ’n periode uitgeroep word.
Vrydae is normale skooldae. Geen verlof om vroeër te vertrek vir vakansiedoeleindes of naweekwegbreke kan toegestaan word nie.
Ons doen ’n baie ernstige beroep op elke ouer vir u samewerking in die verband. Hiermee saam wil ons ook dit beklemtoon dat enige ander afwesighede tot die minimum beperk moet word. *Leerders bly te maklik tuis en dit benadeel hul vordering en veroorsaak ’n agterstand in hul skoolwerk.*

Selfone
Selfone bly ’n groot probleem en is ’n hindernis in die onderrig-proses. LET ASB op die volgende:

- ☞ Die gebruik van **enige oorfone is verbode** by die skool en dit sal onmiddellik gekonfiskeer word.
- ☞ Die gebruik van selfone **gedurende die skooldag is verbode**. Dit is dus van uiterste belang dat ouers hulself moet vergewis van die nuwe selfoonreëls wat baie streng toegepas sal word. Leerders wat oortree, se selfone sal afgeneem en ingegee word by die kantoor**.**
- ☞ Ouers kan volgens wet medeverantwoordelik gehou word vir dit wat op u kind se selfoon is, hetsy dit gaan oor pornografie, kuberboelie of wat ook al.
- ☞ Ons vra dus ouers ook om streng reëls vir u kind neer te lê rondom die gebruik van selfone.

Kleredrag & voorkoms:

a) Leerders moet die korrekte **skooldrag** aanhê.
b) Alhoewel maskers verpligtend is, moet die seuns **netjies geskeer** wees volgens die skoolreëls.
c) Seuns en dogters se voorkoms moet volgens die voorgeskrewe skoolreëls wees. Ons vra dat ouers hulself vergewis van die skoolreëls en seker maak dat die leerders dit nakom.

BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING:
Neem asb. kennis dat ons 'n Tussenverkiesing moet hou vir 3 ouerlede. Ons het reeds 3 gekoöpteerde lede. Nominasievorms is by ontvangs beskikbaar en moet asb. teen Vrydag, 28 Januarie 2022 ingehandig word.

KOMMUNIKASIE:
Ouers word daaraan herinner om asb. dringend die registrasie te voltooi vir die skool se Whatsapp stelsel. Die nr. wat u moet gebruik om te registreer is
083 556 6115. Hierdie nommer MOET as 'n kontak op u foonlys gestoor word, alvorens u die "registrasie" boodskap kan stuur. Moet asseblief **GEEN leestekens** tussen in gebruik nie. Stuur die volgende inligting as die registrasie boodskap per Whatsapp. Van Naam Vervwantskap Voogklas. Byvoorbeeld : Koekemoer Susan Ma 8H.

ID-KAARTE:
Met die huidige tendens wat rondgaan, waar enige persoon hom-of haarself kan voordoen as 'n leerder van 'n skool, is daar besluit om die leerders met ID-kaarte uit te reik ten einde toegangsbeheer uit te oefen. Die leerder sal verplig wees om die ID-kaart daagliks te dra. Die 1ste kaart sal gratis verskaf word, maar indien die leerder sy/haar kaart verloor, sal daar 'n R50 heffing wees. Verdere inligting volg sodra die kaarte aan die leerders gegee word.

SKOOLGELDE:
Ouers moet asb. kennis neem dat die betaling van skoolgelde vir 2022 vanaf Januarie tot November is. (Skoolgelde betaalbaar vir die jaar). Sien onderstaande opsies wat u kan kies.

Skoolgeld -R19 250.00 per leerder per jaar.

OPSIE 1:
INDIEN BETAAL VOOR 28 FEBRUARIE 2022: R17 500 (KORTING VAN R1750)

OPSIE 2:
INDIEN BETAAL VOOR 30 JUNIE 2022: R18 375 (KORTING VAN R875)

OPSIE 3:
DEBIETORDER, 10 MAANDE BETALINGS, LAASTE MAAND KORTING (R1 750) INDIEN ELKE MAAND BETAAL IS.

OPSIE 4:
11 GELYKE PAAIEMENTE VAN R1 750 PER MAAND VANAF 1 JANUARIE TOT 1 NOVEMBER.

Betalingsmetodes:
a) Debietorders:
b) Internetbetalings, Direkte betalings by die bank of Kaartlose deposito's by ABSA ATM:
c) Kontantbetalings en kaartbetalings:

Bankbesonderhede
Hoërskool Tuine | ABSA| Takkode: 632005 | Rekeningnommer: 80850042
Verwysing: Leerderkode en van asook graad.

Vrystellings:
Daar sal geleentheid wees om aansoek te doen vir vrystelling of korting op die skoolgelde by Mev Ria Mentz by die finansiële kantoor. Dit begin op 7 Februarie 2022. Alle vorms moet deur ouers self by die skool uit- en ingeteken word. GEEN AANSOEK SAL AAN LEERDERS GEGEE WORD NIE.

Navrae: E-pos: finansies@hstuine.co.za.

COVID-19 Protokol:
Ouers en leerders moet asb. kennis neem dat Covid-19 protokol NIE verander het nie.

- Leerders asook ouers wat die skool besoek, MOET steeds hul masker dra.
- Gesonde afstand moet steeds gehandhaaf word.
- Leerders moet saniteer.
- Indien 'n persoon in u huishouding positief toets, mag u kind NIE skool toe kom alvorens hy of sy 'n negatiewe uitslag aan mev. Moorcroft kan voorsien nie. U kan u kind eers na 5 dae toets nadat 'n positiewe uitslag ontvang is.
- Die Rampbestuur se protokol is nog nie verander nie. Ons is dus verplig om die nodige protokol te volg. Ons vra u samewerking in die geval.
- Ouers moet ook nie toelaat dat u kind gaan oorslaap of enige partytjies / kuier bywoon nie.

PROGRAM VIR DIE KWARTAAL:
Die volgende datums word aan u deurgegee:

27 Januarie	Gr. 8 Ouerinligtingsaand (18:30)
3 Februarie	Gr. 12 Ouerinligtingsaand (18:30)
4 Februarie	Atletiek Tuisbyeenkoms
7 Februarie	Prysuitdeling: Gr. 9-12 (18:30)
10 Februarie	Groentjiekonsert
22 Februarie	Interhoër atletiek

Tuine-groete

Mnr. J. Furstenberg
Hoof

"Vlieg hoog, droom groot, bly standvastig."